**Reis na 'n groot beloofde land**

**Num 33:1-34:29**

**14 November 2021**

1. Opsomming van die kampplekke op pad na die beloofde land (Num 33:1-49)
    a. Dit was opdrag van die Here om die lys van kampplekke neer te skryf
    b. Begin net na eerste paasfees, tot op die Moabsvlakte, dus 40 jaar
    c. Begin met verlossing uit Egipte, terwyl Egiptenaars hulle eersgeborenes begrawe – dus oorwinningstog (v3-4)
    d. Lys van plekname (v5-49):
        i. 40 plekname
        ii. Sommiges bekend (bv Mara, Elim), ander onbekend (bv Rissa, Kehelata), ander ontbreek (bv Tabera)
        iii. Baie min detail, behalwe by Horberg waar Aäron gesterf het, en Arad gehoor het die volk is op pad
    e. Twee doelwitte met die lys:
        i. Die Here wil volk bemoedig – dit is oorwinningstog (Rameses, Gorma, Moabsvlakte)
        ii. Die Here wil die volk herinner – hulle het 40 jaar rondgeswerf a.g.v. hulle sonde, hele geslag moes uitsterf, ook Aäron (en Moses later), hulle moet voortaan nougeset let op wat die Here sê
2. Opdrag van die Here om die land behoorlik in te neem (Num 33:50-56)
    a. Verwagting van die Here:
        i. Volk moet die inwoners van die land uitroei
        ii. Volk moet die land in besit neem, verdeel en daar gaan woon
    b. Waarskuwing as hulle ongehoorsaam is:
        i. Oorblywende inwoners sal splinters in oë en dorings sye wees
        ii. Die Here sal aan die volk ook doen wat Hy aan die inwoners gaan doen
3. Grense van die beloofde land (Num 34:1-29)
    a. Die land is 'n groot land (vgl Gen 15:18-21)
    b. Volk het nie die land volledig ingeneem nie (Dawid en Salomo het naaste daaraan gekom – bv 1 Kon 8:65) – t.p.v. die lys kampplekke en die opdrag van die Here
4. Implikasies vir ons
    a. Gelowiges op woestyntog na ewige heerlikheid (beloofde land), reeds gered (by Rameses), die tog is oorwinningstog maar ook tog swerftog waarop ons moet groei deur heiligmaking, ons Hoëpriester het ook gesterf – maar vir ons sondes, die Here waarsku ons oor die naderende heerlikheid: dit is rein, daarom moet ons geen splinters oorhou nie, ons moet dit tog ook in besit neem – ons saam met baie ander, want dit is groot, daar is plek vir baie.
    b. Hoe doen ons dit?
        i. Mark 8:36 – sien af van die wêreld
        ii. Luk 15:31 – bedink wat die Vader het wat ons kan help
        iii. Ef 3:20 – ons moet groot dink
        iv. Rom 8:32 – Jesus het reeds gesterf, kan seker wees God wil verbondsbeloftes laat realiseer
        v. Dink en bid groot oor die vervulling van die Here se verbondsbeloftes